NG Kerk Humansdorp-Oos

KERKHERENIGING TERUGVOER

Sinodale Kantoor
Vir aandag: Danie Mouton

IS: Verslag van Humansdorp Oos Kerkhereniging

Daar is vier geleenthede geskep oor ‘n tydperk van drie jaar, waarby lidmate vooraf inligting ontvang het en deel kon neem aan ‘n oopgesprek. By elke geleentheid het dit duidelik geword dat daar lidmate is wat vir en teen kerkhereniging is. By die eerste geleentheid het ds Jan Coetzee ‘n werkswinkel gehou met lidmate. Vooraf is inligtingstukke uitgedeel. ‘n Onbeduidende getal lidmate het die byeenkoms bygewoon. Daarna het die Ring na elke gemeente ‘n Ds afgevaardig om die gesprek oor hereniging op kerkraadsvergaderinge te hanteer. Ds Martin Steyn was afgevaardig om die Kerkraad te kom inlig rondom kerkhereniging. Die gesprek was uiters onsmaaklik en Ds. Martin kon nie werklik ‘n geleentheid kry om ‘n sinvolle gesprek met die kerkraad te voer nie. Ds Jan Coetzee het daarna nog ‘n gesprek met die gemeente gevoer en ‘n wyksbyeenkoms oor die tema opgestel waarin lidmate uitgenooi was om skriftelik te reageer. In 2007 het Ds Danie Mouton namens die Sinode ‘n preekgeleentheid waargeneem asook ‘n oop gesprek na afloop van die erediens behartig. Alle geleenthede was gemiddeld deur twintig mense bygewoon.

Daar is tydens hierdie gesprekke twee groepe identifiseer lidmate vir kerkhereniging en lidmate teen kerkhereniging:

Tydens drie van hierdie geleenthede het het slegs tussen 15-25 lidmate die gesprekke bygewoon en insette gelewer.

Lidmate vir Kerkhereniging voel dat die Kerk in die rigting van hereniging beweeg omdat Humansdorp Oos vir dekades in ‘n goeie verhouding met die VGK in Humansdorp staan. Humansdorp Oos het projekte soos EEIII, kampe en gesamentlike aanddienste saam met die VGK en Moedergemeente wat jare lank al bestaan. Humansdorp Oos is ook finansieel betrokke by die VGK vir dekades. Wat opvallend is met gesprekke met die VGK is dat hulle voel hulle ‘n eie identiteit van aanbidding wil handhaaf en nie noodwendig ingesluk wil word deur die NG Kerk nie. Hulle is tevrede met die huidige eenheid wat heers tussen die twee gemeentes asook projekte en wedersydse betrokkenheid. Hierdie groep is van mening dat Bybelse eenheid ook strukturele eenheid beteken, maar dat dit eenheid in verskeidenheid verstaan.

Lidmate wat teen kerkhereniging is, voel daar heers ‘n gevoel van wantroue. Hulle spreek hulle uit oor Belhar en voel dat dit polities gedrewe is. Daar heers ook kommer in hierdie lidmate se harte oor die motiewe van hereniging en wat dit vir die toekoms inhou en beteken. Onsekerhede word gelig oor die betroubaarheid van Allen Boesak wat in die tronk was en nou ‘n dominee, geboue en finansies indien die Algemene Sinode sou herenig. Hier heers ook ‘n frustrasie dat lidmate voel dat sinodes alles op gemeentes afforseer en dat gemeentes nie insae in situasies kan hê en dat hulle nie genoegsame inligting vooraf ontvang het nie. Lidmate in hierdie groep is van mening dat Bybelse eenheid nie strukturele eenheid beteken nie. En dat

die Bybelse eenheid meer ‘n geestelike eenheid beteken. Die gedagte wat ook hieruit voortspruit is die vraag waarom eenheid dan nie meer op ‘n universele vlak plaasvind nie.

Tot op datum het ons drie skriftelike reaksies verkry en dit is aangeheg.

Hiermee sluit ek dan nie terugvoer vanuit Humansdorp Oos af en hoop dat die menings vanuit die brief en aangehegde stukke vir u van waarde kan wees.

Namens Humansdorp Oos

Dr. Jaco Putter